



## Kerkorde

Die Kerkorde was in die besonder ter sprake by die Bond se derde vergadering 6-8 September 2015 te Meyerspark.

Waarom 'n kerkorde en waarom nou?

Ons het die opdrag dat alles tussen gelowiges ordelik moet geskied. Om orde te kan handhaaf, is reëls bruikbaar. Om ons huidige behoefte te verstaan, is dit nodig om die verlede raak te sien. Cicero het gestel: "*Nescire autem quid ante quam natus sis acciderit, id est semper esse puerum.*" Vertaal: "Om nie te weet wat gebeur het voor jou geboorte nie, is om ewig 'n kind te bly".

Elke steedsHervormer sal bevestig dat daar nooit beplan is, of dat die intensie was om weg te breek van die NHKA en 'n sogenaamde nuwe kerk te stig nie. Al ons optredes het 'n diepe begeerte om die NHKA van binne te rehabiliteer gespieël.

Die Beswaardes het steedsHervormers geword en baie het die pad voluit geloop en deel van Bondsgemeentes geword, terwyl hulle vir geen oomblik hulle lidmaatskap by die NHKA opgegee het nie. Hulle het nie bedank nie, daar is nie onder opsig die ban oor hulle uitgespreek nie en geen ouderlingvergadering het hulle lidmaatskap opgehef nie. Hulle het van binne sake probeer regstel, en later van binne **tog afstand** probeer skep tussen beginsels wat kosbaar is en vergrype en besluite wat hulle teen die bors gestuit het.

'n Eerste poging was om te doleer. Dit het nie veel vrugte afgewerp nie en is reeds by die sogenaamde BAKV met kwaadgesindheid verwerp. 'n Volgende

stap was gemeentes wat hulle teologiese opleiding-spesifieke heffings weerhou het. Die hardhandigheid waarmee deur onder andere die Kommissie opgetree is teen beginselvaste lidmate kwets steeds. Predikante en ampsdraers is in kennis gestel hulle gee verkeerde leiding en is met onthefing uit die amp gedreig. Sekere gemeentes se hele kerkraad was gedreig en hulle ampswerk was in gedrang, onder Kommissie-verdenking, omdat hulle eendragtig vas gestaan het teen die dwarrelende dwalinge wat hart en siel bedreig in die NHKA.

Die gevolg was dat die Staat van Belydenis wat afgekondig is, aanvaar is. Die Kommissie het in die openbaar en in interne NHKA korrespondensie hewig reageer en die steedsHervormers kon as gevolg van hulle oortuiging nie terugstaan nie.

Verhoudings het verder onder druk gekom en dit het duidelik geword dat 'n skeiding van die weë reeds bereik was. Op grond hiervan het gemeentes hulself onafhanklik verklaar van die leiding van die Kommissie van die AKV. Hulle het gekies om onafhanklik van NHKA se leiding as Hervormde gemeentes voort te bestaan en het die 2010 goedgekeurde orde gebruik om sake plaaslik te orden. Onafhanklike gemeentes het selfstandige gemeentes geword.

Geen "nuwe kerk" is gestig nie. Gemeentes het besluit om positief vorentoe te beweeg en het by 'n steedsHervormer vergadering 'n geloofsbond gestig. Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) het na sy stigting 'n eerste vergadering in 2013 te

Tuine gemeente gehou. Die besluit was steeds om geen nuwe kerk te stig nie en by die onderlinge ooreenkoms te hou om sover dit moontlik is, by die NHKA 2010 Kerkorde te hou.

By die tweede Bondsvergadering in 2014 te Theresapark is hierdie besluit bevestig, maar is die opdrag gegee dat daar na 'n nuwe kerkorde gekyk moet word. Die redes hiervoor was onder andere dat dit nie altyd ewe maklik is om die sake wat nie van toepassing is nie, eenkant te hou en die NHKA het in 2013 besluit dat daar teen 2016 'n nuwe kerkorde geskryf moet wees. Die konsep-kerkorde wat huidig in die NHKA sirkuleer, verskil wesenlik van die ekklesiologie van die NHKA voor 2010 en bevestig die profetiese onrustigheid van dié wat gevra het vir **pro-aktiewe optrede**.

Die Bond se besluit was om 'n kerkorde te skryf wat in lyn is met die beginsels soos verwoord in die 2010 NHKA kerkorde, maar tegelyk ook meer relevant bruikbaar is vir die Geloofsbond se gemeentes se unieke situasies. Die studiestukke wat die beginsels verwoord is aan gemeentes gesirkuleer en van die skrywes het in Die Skietlood verskyn.

#### **Unieke kerkorde**

Elke groep sou graag wou stel dat hulle uniek is. In die geval van besluite geneem te Meyerspark, moet hierdie nuwe konsep as uitsonderlik beskryf word.

Die besluit om nie kerk te stig nie, is bevestig. Die GHG is daar om

- samewerking tussen gemeentes te bewerkstellig,
- om sake van gesamentlike belang te bestuur en
- om advies aan gemeentes te kan gee.

Die GHG is met ander woorde nie 'n nuwe kerk nie.

Die Skietlood het ook reeds voor die 3e GHG vergadering die studiestuk van prof AD Pont geplaas waarin hy oortuigend redeneer gemeentes het voortgegaan met “kerk wees” en het nie nuwe kerke gestig nie. Die gedagte is in lyn met gemeentes in Nederland wat vir 500 jaar as Roomse gemeentes bestaan het en nou reeds vir meer as 400 jaar as Reformatoriese gemeentes voortbestaan. Die konsep-kerkorde was anders benader as wat die meeste van ons gewoond is en die meeste afgevaardigdes moes 'n kopskuif maak. Gemeentes gaan dieselfde kopskuif maak in die volgende paar maande. Die konsep-kerkorde kan nie deur die GHG se Bondsvergadering aanvaar word en dan aan gemeentes gegee word nie. Dit sou selfs kon lyk na kerkstigting. Die GHG kan as vergadering konsensus bereik dat hulle die kerkorde aanvaar as 'n beginselvaste orde wat werk in gemeentes kan orden.

Elke gemeente gaan egter self moet besluit om die kerkorde te aanvaar of nie. Soos met alle vorige veranderings in steedsHervormer denke, is hierdie ontwikkeling ook in lyn met 'n benadering wat uitgaan van **die gemeente as die basiseenheid**. **Christus is Hoof** van die kerk, 'n kerk wat in gemeentes versamel. Elke gemeente is *ekklesia completa* en moet aan die Here en Hoof verantwoording doen. Gemeentes werk en dink saam en vorm daarom 'n band. Dit sou vreemd aan steedsHervormerdenke wees om nou skielik 'n **“kerkorde van bo”** op gemeentes af te dwing.

Elke gemeente wat deel is van die GHG en elke kerkraad sal die kerkorde as hulle eie kerkorde moet aanvaar. Die Bond

kan nie voorskryf nie, maar kan tog stel dat sodanige kerkorde die basis uitmaak van konsensus om effektief saam te kan werk.

Gemeentes wat gemaklik voel met die kerkorde en dit hulle eie maak, sal maklik kan meedoen aan die GHG se dienswerk in hierdie bedeling. Gemeentes wat nie met die kerkorde saamstem nie, sal nie skielik ophou met gemeente wees nie, maar hulle sal nie by die GHG geakkrediteer word nie en sal nie ten volle kan meewerk nie.

Gemeentes en streke is uniek en dit moet ook verreken word. Diversiteit en eenheid moet in harmonie met mekaar bly.

#### **Ordereëls en ordinansies.**

Die konsep-kerkorde se verskillende afdelings bevat deurgaans ordereëls en ordinansies. Die ordereëls verwoord telkens die beginsels waaraan die Geloofsbond graag wil vashou, beginsels wat getrou aan die Woord is. Hierdie beginsels moet vanselfsprekend deur alle gemeentes onderskryf word.

Die ordinansies is die praktiese riglyne vir optrede binne die parameters geskep deur die ordereëls. Met ander woorde die ordinansies is die manier waarop die ordereëls gedoen word.

Elke gemeente gaan deur 'n paar moontlike prosesse moet gaan. Die eerste sal wees om die konsep-kerkorde te bespreek en te aanvaar as hulle kerkorde. Die tweede proses kan wees om dan sistematies die ordinansies te herskryf of wysig, op so 'n manier dat hulle getrou bly aan die ordereëls, maar tegelyk ook getrou is aan die situasie waarin die gemeente dien. Dit kan wees dat hierdie wysigings reeds voor die aanvaarding aangebring kan word. Dit is

meer as moontlik dat baie gemeentes geen ordinansie sal verander nie.

Die punt is dat die gemeentes se moontlik gewysigde ordinansies nie dui op **geskilpunte** nie, maar **verskilpunte** verwoord. Die beginsels wat die basis van Bondskonsensus is, word nie verander nie en die gemeentes se selfstandigheid word verdiskonteer.

Anders as die Roomse kerk met sy hiërargiese struktuur, waar die pous van bo regeer, het die Reformatore gekies vir 'n naas-mekaar struktuur. Tog het die tendens van mag uitoefen gou deel geword van dit wat veronderstel was om net by te staan. Daar is sentraal besluit en die gemeentes moes dan net by die nuwe kerkwet of kerkorde inval.

Die rotsvaste standpunt van gemeentes dat hulle hulle nie weer "**van bo**" deur 'n sentrale kantoor of algemene vergadering sal laat voorskryf nie, maak hierdie konsep kerkorde sakpas vir selfstandige gemeentes.

Die Skietlood maak nou die volgende bewering. Die benadering van die Bond maak ook die deur oop vir klein gemeenskappe waar daar nie meer mense of geld is om drie of vier kerke te handhaaf nie. Saamsmelt rondom beginsels is sinvol en gemeenskappe se gemeentes/kerke kan deel word van die GHG as Bond wat elkeen se uniekheid saamsnoer deur diensbaar te help en te begelei.